Diensbaarheid op die pad van heiligmaking

Teks: Filippense 2: 4 - 18 en Sondag 21
Teksvers: Filippense 2: 4 & 5

1. Inleiding

Geliefdes in ons leerdiens vanoggend gaan ons voort met ons pad tot heiligmaking in die geloof. Ons fokus vanoggend weereens op Sondag 21 soos laas Sondag. Maar vanoggend gaan die fokus meer val op vraag 55, die gemeenskap van gelowiges. Want ons het in die eerste preek gesien dat my geloof en geloofslewe net my alleen insluit nie. Dit sluit ook nie net vir my en die Here alleen in nie. Dit gaan verder om ook juis die gemeenskap van die gelowiges in te sluit, soos wat ons elke Sondag in ons geloofsbelydenis bely.

Maar die vraag bly persies hoe ons ook ons medegelowiges insluit in hierdie saak. Ons as kerk van die Here word in genade nie gelos om hierdie saak vir onsself uit te werk nie. Ons Here Jesus Christus word juis na ons gestuur in verband met hierdie sake. Ons ken vandag uit die wêreld die verskynsel dat ’n kundige persoon na ’n spesifieke plek gestuur word om ’n probleem te gaan oplos. En meeste van ons het ook al ervaar hoe hierdie persone gewoonlik optree.

Dit is juis hier waar ons, onsself bevind vanoggend. Ons teksgedeelte openbaar aan ons die waarheid, dat ons Here Jesus Christus na die aarde gestuur is vir ’n spesifieke doel. Maar meer as die spesifieke doel, openbaar dit ook die gesindheid waarin Christus na die aarde gekom het. Hierdie gesindheid was onlosmakend deel van Sy hele bediening op aarde. Uiteindelik word hierdie gesindheid ook die opdrag aan ons. Ons moet met so ’n gesindheid gaan bedien. Kom ons luister verder saam na die Woord van die Here.

2. Christus as voorbeeld

Wanneer ’n leier na ’n probleem area gestuur word in besigheid is daar altyd die hoop dat daar iets meer as sy maatreëls en opdragte agterbly. In die sakewêreld noem ons dit ’n korporatiewe kultuur. Daar is altyd die hoop dat iets van hierdie kultuur asmeer aan die mense. Dinge soos ’n positiewe ingesteldheid of selfs nie iets so klein soos eerlikheid. Met Christus se kom na die aarde is dit presies dieselfde.

Wanneer ons as kerk ons enigste ware leier, die Here Jesus Christus as voorbeeld voorhou, weet ons dat ons nie Sy spesiale roeping sal kan uitleef nie. Ons sal nie vir ons broers en susters se sondes kan sterf nie, omdat ons nie sondeloos is nie. Ons sal dus nie kan betaal vir ander se sondes nie, omdat ons dood nie eintlik eers genoeg sal wees om vir ons eie sondes te betaal nie. Maar Christus is natuurlik sonder enige sonde en daarom is die situasie heeltemal anders.

Die voorbeeld wat Christus egter wel vir ons voorhou om na te volg is die gesindheid waarin Hy ook hierdie roeping kom uitleef. En dan is belangrik om te sien dat hierdie gesindheid nie opsioneel is vir die gelowige nie. Ons teksvers, vers 5 sê duidelik dieselfde gesindheid wat in Christus Jesus was moet ook in julle wees.

Dit juis om hierdie rede dat ons gesindheid ook as ’n merker kan gebruik, om die vordering op die pad van heiligmaking te meet. Want die verkeerde gesindheid is eintlik niks anders as ongehoorsaamheid aan die Woord van die Here nie. En soos enige sonde met die elke dag ’n meer en meer bestry en afgesterf raak. Heiligmaking het tog ten diepste die doel om meer en meer Heilig te word, soos wat God heeltemal Heilig is. Met die verkeerde gesindheid sal daar uiteindelik nie ver op hierdie pad gevorder word nie.

3. Ruil selfsugtigheid in vir diensbaarheid

Maar wat is hierdie gesindheid van Christus dan, waarin ons ook Sy voorbeeld moet volg? Ons kan dit opsom as nederigheid. Weereens kan ons teruggaan na die voorbeeld van ’n sakeleier wat na ’n probleemgebied gestuur word om ’n krisis te gaan oplos. Ons weet dat mense in die sakewêreld maklik hulle neus sal optrek vir so ’n opdrag. Veral as die opdrag geen voordele op loopbaan ontwikkeling inhou of enige ander voordeel wat die moeite

werd is nie. Ons weet ook dat dit maklik kan lei tot ‘n bedanking van die spesifieke leier.

Maar in Christus se geval is daar geen voordeel nie. Eintlik is daar net nadele. Wanneer ons terugstaan en mooi kyk, dan sien ons die groot vernedering. Christus bestaan op Godgelyke wyse in die hemel waar daar geen sonde teenwoordig is nie. Die pyn, hartseer en verdriet wat die sonde teweeg bring is totaal afwesig, volgens vers 6. Maar dan sien ons dat Christus nie aan hierdie bestaan verbete vasklou nie.

Van die begin af is Christus bereid om opofferings te maak. Die streking van hierdie opofferings is nogal wyd. Van God wees tot die gestalte van ’n slaaf. Ons sien hierdie gestalte letterlik geopenbaar in die was van die voete van die dissipels in Johannes 13. Maar wat eintlik uitstaan is die gesindheid waarin dit alles plaasvind. Die liefde wat die Here het vir ons as sondaar mense. Dit is dan uiteindelik juis hierdie liefde wat ons ook verskuldig is, aan ons broer en suster in die geloof.

Groei op die pad van heiligmaking behels ’n voortduredende meer en meer afsterwe van selfsugtigheid en opneem van diensbaarheid.

4. Gemeenskaplike genade

Wat die kerk anders maak as ander organisasies is die feit dat lidmate nie op meriete gewerf word nie. Nee, dit is soos ons laasweek ook na verwys het, Christus wat die kerk vir Hom afsonder uit die ganse menslike geslag. En hierdie keuse van Christus is nie gebaseer op enige verdienste van ons kant nie. Dit gebeur uit loutere genade alleen. Wanneer ons dan juis fokus op sosiale stand, soos vroëer in hierdie preek, sien ons vinnig dat ons almal eintlik dieselfde is.

Die ware kerk van die Here, ken nie die supergelowige wat homself opwerk tot ’n belangrike posisie in die kerk nie. Nee ons is almal sondaar mense. Wat gesamentlik en individueel steeds verlei en versoek word, deur die bose. Maar gelukkig is daar ook ’n ander saak wat gemeenskaplik is, en dit is die genade van die Here. Ek en my broer en suster in die geloof deel beide in hierdie genade.

Uiteindelik vorm dit ook die basis van die verhouding met my broer en suster in die geloof. Omdat ons gemeenskaplik deel in die genade van die Here, is ons ook verplik om ons seëninge en gawes aan te wend tot gemeenskaplike voordeel van al die broers en susters in die gemeente. Dit is op die einde presies wat ons ook bely in vraag en antwoord 55 van Sondag 21.

Dit bring ons dan by die laaste merker op die pad van groei in heiligmaking vandag. Ek kan my vordering op die pad van heiligmaking meet aan my ingesteldheid teenoor my broer en suster in die gemeenskap van gelowiges. En dan natuurlik nie net die broer suster met deftige klere nie.

Jakobus 2: 3 - 4 is duidelik hieroor: “3en sê nou julle maak ’n ophef van die man met die deftige klere en julle sê vir hom: “Kom sit u hier gemaklik,” maar vir die arm man sê julle: “Gaan staan jy daar anderkant” of: “Kom sit hier by my voete,” 4het julle dan nie onder mekaar onderskeid gemaak en mense op grond van verkeerde oorwegings beoordeel nie?”

5. Slot

Ons het uit beide preke vanoggend gesien dat geloof nooit slegs ’n individuele persoonlike saak is nie. My broer en suster speel ook ’n rol. Veral natuur my broer en suster in die geloof, hier in die kerk van die Here. En saam met die waarskuwing in die eerste diens, om nie deur twisvrae mekaar se geloof af te breek nie, ontvang ons nou nog ’n tweede opdrag ten opsigte van my broer en suster in die geloof. Ons moet nie hoogmoedig teenoor mekaar optree nie. Want in die eerste plek het niemand van ons in die geloof enige rede om te roem nie. Ons is almal maar net begenadigde sondaars.

Maar dan moet ons afsterwe van hoogmoedigheid nie valse skynheiligheid wees nie. Nee, dit moet ook fisies grond vat. Met ander woorde praktiese omgee en ondersteuning van mekaar. En veral ook in situasies wat geen voordeel vir myself inhou nie. Daar waar ek werklik die opofferende liefde van Christus ook aan ander mense kan bewys, daar moet ek ywerig wees om te vorder op die pad van Heiligmaking. Diensbarheid sal nie lei tot redding vir die Christen gelowige nie. Maar ’n gerede Christus gelowige kan nie anders as om opreg diensbaar te wees nie.

Amen